

Maandag 10 Mei

Skrifgedeelte: Jeremia 18:1-23

Fokusgedeelte: Jeremia 18:18

Probeer jy ook Jesus se stem stilmaak?

Die klei behoort aan die pottebakker. Dis syne om mee te maak soos hy goeddink. Die groot woord hiervoor is *soewereiniteit*. Hy hoef aan niemand te verduidelik wat hy maak nie. Dit is oppermag. Ons mense misbruik dit gewoonlik, maar God nie.

God kon Israel met reg weggooi. Hulle het afskuwelike dinge gedoen, selfs kindertjies geoffer. Afgryslik. Maar die Pottbakker het belofte gemaak. Hy hou Homself by sy eie verbintenis aan Israel. Steeds gee God water deur die sneeu van die Libanonberge wat smelt en afloop na Israel, maar steeds loop Israel op ander paaie as God se pad. In groot genade bly God sorg met die water en met die waarskuwingswoorde van Jeremia. Maar Juda reken: Die water kom ons toe, en vir Jeremia sal ons stilmaak ...

Die pottebakker is op die punt om die bondel klei plat te druk. Maar hy sal genade hê as hulle harte verander. Die klei is nog sag. As die klei hom net bekeer ... is die skade nie so groot nie.

Jeremia het eers self vir Juda met gebed ingetree, maar is ook nou gevul met 'n heilige sin van oordeel. Ons hoor in die Psalms hoe Dawid ook dikwels God se oordeel oor God se vyande afbid. Dis nie sondige weerwraak nie, dis 'n roepe na God om sy geregtigheid te voltrek.

Jesus se offer aan die kruis maak die genade-terugroep wat hier afspeel, moontlik. Hy sal alle skuld dra vir elkeen wat bekeer – tóé en vandag en môre. Maar ons mense maak dikwels soos Juda, “die genadewater kom ons toe, en vir Jesus sal ons stilmaak ...”

Sien jy die genadewater in jou lewe – ten spyte van jou moedswillige sonde? Dink jy genade kom jou toe? Probeer jy ook Jesus se stem stilmaak?

Sing: Psalm 38-1:1

Dr. G van Wyk (Griffel) (Rustenburg)